

# 'N BEPALING VAN DIE EKONOMIESE STATUS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU

P H SPIES, Universiteit van Stellenbosch

Die begrip status het twee uiteenlopende komponente; die een is meetbaar en die ander slegs waarneembaar. Status verwys eerstens, na relatiewe verhoudinge wat die waarnermer instaat stel om objektief met behulp van spesifieke maatstawwe 'n hierargie op te stel. Tweedens het status 'n subjektiewe komponent in die opsig dat rangskikking deur 'n persoon of gemeenskap soms instinktief bevorder word deur 'n algemene beeldvorm ('image') wat aan 'n besondere identiteit gekoppel word. Propaganda en advertensies is, byvoorbeeld, veral op hierdie laaste komponent van statusbepaling gemik.

'n Bepaling van ekonomiese status vereis 'n ondersoek na beide hierdie statuskomponente. Ekonomiese ontleding omvat opsigself sosiologiese (insluitend subjektiewe) en tegnologiese (uitsluitlik objektiewe) parameters. Subjektiewe beeldvorming kan oor tyd 'n objektiewe resultaat toon. 'n Gemeenskap se sienings kan, byvoorbeeld, die basis vir 'n ekonomiese oplewing of insinking verskaf. Tegno-ekonomiese faktore verskaf die grense van ekonomiese moontlikhede terwyl prestasie binne hierdie grense bepaal word deur sosio-ekonomiese faktore.

Vervolgens sal die ekonomiese status van die Suid-Afrikaanse landbou eerstens ondersoek word in terme van die geskiedkundige verloop van meetbare ekonomiese verhoudings, tweedens in terme van huidige tendense en derdens in terme van ekonomiese organisasie en sosio-ekonomiese faktore.

## Status van die Suid-Afrikaanse Landbou geskiedkundige verloop van meetbare ekonomiese verhoudings

Die stigting van 'n halfwegstasie aan die Kaap die Goeie Hoop in 1652 kan beskou word as die aanvang van handelslandbou in Suider-Afrika. Landbouproduksie, hoe klein ookal in die begin, was die rede vir die ontstaan van blanke Suid-Afrika. Tenspyte van verskeie pogings in die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika om edel metale of minerale te ontdek was landbou vir meer as twee eeue na die stigting van die halfwegstasie steeds die basis vir ekonomiese aktiwiteit vir alle burgers wat nie deel van die amptenary uitgemaak het nie.

Ontwikkeling aan die Kaap was vir 150 jaar uiters stadig. Byvoorbeeld in 1806 was die totale bevolking van die gebied wat onder Britse beheer gekom het 76 000 waarvan slegs ongeveer 26 500 blankes was (Houghton, 1967). Afgesien van 'n relatiewe klein gebied rondom die Kaapsekiereiland het die landbou grootliks uit ekstensiewe veeboerdery bestaan. Grond was in oorvloed en die wye Afrikaanse ruimtes het trekboerdery aangemoedig. Opsig-

self kon landbou nie die kern vir ekonomiese groei in Suid-Afrika verskaf nie. Die Kaap was tweekeer verder van Europa as, byvoorbeeld, Boston in Noord Amerika. Daar het geen moontlikheid vir die vestiging van plaaslike industrieë bestaan nie weens 'n beperkte mark vir produkte en die afwesigheid van groeistimulante soos minerale of ander ryk natuurlike hulpbronne. Die grootste deel van die binnelandse bevolking was vasgevang in 'n bestaanslandbou wat in sekere opsigte nie wesenlik verskil het van die tipe landbou wat die Suid-trekkende Xhosas en ander Bantoe gemeenskappe beoefen het nie. Hierdie situasie het in 'n aansienlik mate ook geheers in die vormingsjare van Boere-republieke in die tweede helfte van die 19de eeu (Schumann, 1938, p 32).

Die gebeurtenisse in die 19de eeu het 'n betekenisvolle invloed op die aard van landbouproduksie in Suid-Afrika gehad. Eerstens, het die bekendstelling van die wolskaap vir die eerste keer aan die droë streke, wat 'n aansienlike gedeelte van Suid-Afrika se binneland insluit, 'n surplusproduksievermoë gegee. Tabel 1 toon aan dat wol, huide en velle die belangrikste uitvoercomponente was tot aan die einde van die tagtiger jare van die 19de eeu. Tweedens, het

TABEL 1 Gemiddelde uitvoere vanaf Suid-Afrika vir geselekteerde jare 1820 - 1905

Jaarlikse gemiddeld vir tydperk	Voedsel en drank	Wol, en huide	Diamante	Goud	Ander	Totaal
R MILJOEN						
1821-25	0,3	0,1	—	—	—	0,4
1831-35	0,3	0,2	—	—	—	0,5
1841-45	0,2	0,3	—	—	0,1	0,6
1851-55	0,2	0,7	—	—	0,5	1,4
1861-65	0,2	3,8	—	—	0,2	4,2
1871-75	0,2	7,8	2,6	—	0,7	11,3
1881-85	0,2	8,2	6,5	—	1,1	16,0
1891-95	0,2	7,9	7,9	11,3	1,3	28,6
1901-05	0,1	8,7	11,6	24,4	3,5	48,3

Bron : Schumann (1938) p 38 soos aangepas deur Houghton (1967).

Suid-Afrika met die ontdekking van diamante in 1867 die tydperk van mynbou betree wat die aangesig van die subkontinent sou verander. Dertens het die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 die vooruitsigte vir industriële ontwikkeling in Suid-Afrika aansienlik verbeter. Hierdie ontdekking sou in 'n groot mate Suid-Afrika se ongunstige ligging uit 'n handelsoogpunt vergoed, en was saam met diamante (sien Tabel 1) 'n belangrike bron vir die buitelandse valuta wat nodig was vir Suid-Afrika se kapitaal-invoere.

Die belofte van rykdom en voorspoed by 'n nuwe tuiste het vir die eerste keer sedert 'n halfwegstasie aan die Kaap gestig is, Suid-Afrika omskep in 'n nuwe *hinterland* vir immigrante. Gedurende die tydperk 1891 tot 1911 het gemiddeld jaarliks ongeveer 24 000 blankes Suid-Afrika binnegekom. Tabel 2 toon aan dat die jaarlikse aanwaskoers, insluitend natuurlike aanwas, vir blankes gedurende hierdie tydperk op meer as vier persent te staan gekom het. Die oplewing in ekonomiese aktiwiteit by die mynbou sentra het stedelike saamtrekke tot gevolg gehad. Inheemse volke is sistematies uit hul bestaans ekonomie gelok na werkgeleenthede in die nuwe stede wat so ontstaan het. Hierdie stede het 'n aansienlike mark vir 'n verskeidenheid landbouprodukte gebied. Die behoefte na beter binnelandse vervoer om die nuwe sentra te bedien het verskerp. Tabel 3 gee 'n uiteensetting van die redes vir die aanbou van spoorweë asook die afstand gebou in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1860 tot 1909. Dit toon aan dat aanvanklike bouwerk hoofsaaklik deur mynbou beïnvloed was, maar dat 'n 'vermenigvuldiger-effek' ontstaan het, en dat latere uitbreidings aan spoorwegnetwerke beïnvloed was deur landbou- en industriële belange.

TABEL 2 Toename van die blanke bevolking in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1806-1931

Jaar	Bevolking	Jaarlikse persentasie toename
1806	26 568	—
1815	37 264	3,6
1825	50 613	3,1
1837	68 148	2,5
1850	134 000	2,3
1865	251 000	4,2
1875	328 000	2,7
1891	634 000	4,2
1904	1 116 806	4,4
1911	1 276 242	2,0
1931	1 828 175	2,0

Bron : Schumann (1938) p 38.

TABEL 3 Die aanbou van spoorweë in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1860-1909

Tydperk	Spoorweg aangebou onder invloed van	Kilometers aangebou	Gemiddeld per jaar in km	Totale km aan einde van tydperk
1860 — 63	Landboubelange	101	26	101
1875 — 85	Diamant mynbou	2 757	251	2 858
1886 — 95	Goud mynbou	2 353	235	5 211
1896 — 1909	Landbou- en industriële belange : periode van taklyn uitbreiding	5 884	420	11 095

Bron : Schumann (1938) p 53.

Die nuwe markte vir landbouprodukte en die beskikbaarheid van spoorwegvervoer het gesamentlik die tradisionele karakter van blanke landbou in Suid-Afrika radikaal verander. In die tradisionele landbou was die aard en omvang van produksie hoofsaaklik bepaal deur beperkte natuurlike hulpbronne en direkte lewensbenodighede asook, in 'n sekere opsig, deur 'n drang na ekstensiewe grondbesit. Die nuwe ekonomiese- en tegnologiese klimaat het hierdie strewes grootliks verander. Produksie is toenemend gerig op kontantinkomste en winsgewendheid. Nuwe tegnologie het sistematies toegang gevind tot die landbou. Intensifisering het vereers die plek van horisontale uitbreiding ingeneem. Boerdery het verander van 'n bestaansleefwyse na 'n sakeonderneming wat toenemend die effek van die ekonomiese volkshuishouding sou aanvoel.

Wat was die status van landbou in hierdie vormingsjare van moderne Suid-Afrika? Johnston & Mellor (1961) gee vyf potensiele funksies wat landbou oor die algemeen in 'n proses van ekonomiese ontwikkeling kan lewer, naamlik

Voorsiening van toenemend meer voedsel vir 'n groeiende bevolking;

Vergrote landbou-uitvoere;

Oordrag van mannekrag vanaf die landbou na nie-landbou-sektore;

'n Bron van kapitaalvorming;

Verhoogde kontantverdiensie vir die industrialisering van landelike gebiede.

Hierdie funksies was net gedeeltelik van toepassing in Suid-Afrika. Vroeë landbou in Suid-Afrika het wel deur voedselvoorsiening 'n betekenisvolle bydrae gemaak tot die ontwikkelingsproses in Suid-Afrika. Hierdie bydrae was egter 'n reaksie op beter pryse vir produkte. Anders as in die VSA

waar groot gebiede oopgestel, bevolk en ontwikkel is deur aanvanklike landboursurplusse, of in Tsaristiese Rusland waar koringuitvoere vroeë industrialisasie gefinansier het, was die landbouhulpbronne van Suid-Afrika te beperk. Sonder die ontdekking van diamante en goud sou die omskepping van Suid-Afrika na 'n mark-ekonomie aansienlik stadiger plaasgevind het. Landbou was die basis van blanke gebiedsuitbreiding in Suid-Afrika. Met die ontdekking van goud en diamante het die ekonomiese inisiatief egter oorgegaan na die nie-landbousektore en landbou het geïntegreer geraak met 'n komplekse ekonomiese struktuur. 'n Groeiende ekonomie sou toenemend in die twintigste eeu steeds hoër eise aan beperkte landbouhulpbronne stel.

### Status van die Suid-Afrikaanse Landbou : tendense na 1910

By die aanvang van die twintigste eeu was landbouproduksie in die Vrystaat en Transvaal ontstig as gevolg van die verwoesting van die Anglo-Boere-oorlog. Boere het teruggekeer na plase wat ontnem was van alle vorme van bedryfskapitaal. Dit het tot 'n tydelike ekonomiese insinking in die landelike gebiede aanleiding gegee. 'n Gunstige ekonomiese klimaat as gevolg van die ekonomiese skakelings vanaf steeds groeiende mynbousektor sou die situasie gou verander. Hulpverlening aan boere deur 'n verskeidenheid organisasies en georganiseerde optrede gerig op die stigting

van 'n Landbank en 'n koöperatiewe beweging in die landbou sou die produksie-situasie op plase in minder as twee dekades aansienlik verbeter. Teen 1910 was die landbousektor reeds gereed om toenemend te groei.

In Tabel 4 word 'n uiteensetting gegee van die veranderinge in die omvang van landbouproduksie vanaf 1911. Die indeks van totale produksievolume toon aan dat landbouproduksie in 1975 ongeveer sewe keer hoër was as in 1911 (indeks 327 teenoor indeks 47). Gedurende dieselfde tydperk het die bevolking van Suid-Afrika vanaf 5,974 miljoen in 1911 tot 25,471 miljoen in 1975 toegeneem, dit wil sê 'n styging van 425 persent. Dit is duidelik dat die groeikoers van totale landbouproduksie nie slegs tred gehou het met bevolkingsgroei nie, maar aansienlik hoër was. Akkerbou- en tuinbouproduksie het ongeveer tienvoudig vermeerder gedurende hierdie tydperk, terwyl veeteeltproduksie met 'n verhoging van ongeveer 442 persent tred gehou het met die bevolkingsgroei.

Die bydrae van landbouproduksie tot die bruto binnelandse produk van Suid-Afrika het gedurende die tydperk 1911 tot 1975 gestyg vanaf R63 miljoen tot R1 716 miljoen teen heersende pryse. Die verhoudelike bydrae van die landbousektor tot die bruto binnelandse het gedurende hierdie periode gedaal van 21,0 persent in 1911, 22,2 persent in 1920 tot 7,1 persent in 1975.

TABEL 4 Absolute en verhoudelike veranderings in die bydrae van die Suid-Afrikaanse landbou vir sekere jare 1911-1975

Jaar	Indeks van volume van landbouproduksie (basis 1936 - 39 = 100)				Totale bevolking  (duisende)	Indeks : basis 1938 = 100	Totale waarde (miljoen rand)	Persentuele bydrae tot bruto binnelandse produk
	Akker- bou	Tuin- bou	Vee- teelt	Totaal				
	Akkerbou + Tuinbou tot 1931							
1911	43		53	47	5 974	60	63	21,0
1912	55		68	60	6 926	69	124 <sup>1</sup>	22,2 <sup>1</sup>
1931	71		97	83	8 597	86	78 <sup>2</sup>	14,2 <sup>2</sup>
1941	85	111	113	101	10 538	105	125 <sup>3</sup>	12,7 <sup>3</sup>
1951	121	142	134	140	13 609	136	428	15,1
1961	222	248	170	201	17 185	172	618	11,8
1971	364	446	218	303	23 032	231	1 035	8,0
1975	408	446	234	327	25 471	255	1 716	7,1

Bronne: i Dept Landbou-ekonomie en -bemarking. Kortbegrip van landboustatistiek 1958 1962 en 1977.

ii Schuman 1938.

iii Houghton 1967.

1 Syfer vir 1920

2 Syfer vir 1930

3 Syfer vir 1940

TABEL 5 Waarde van uitvoere en invoere van landbouprodukte, Suid-Afrika, 1957 – 1975

Jaarlikse gemiddeld vir periode	Uitvoere						Invoere		
	A Totaal alle sektore <sup>1</sup>	Landbou					E Totaal alle sektore	F Landbou	F E X 100
		B Verwerkte produkte	C Onverwerkte produkte	D Totaal					
					$\frac{C}{A} \times 100$	$\frac{D}{A} \times 100$			
		R Miljoen			%		Miljoen	%	
1957–1959	768,3	135,8	189,5	325,3	24,7	42,3	1 061,4	5,5	
1960–1964	877,8	147,3	234,0	381,3	26,6	43,4	1 168,4	4,2	
1965–1969	1 222,4	181,5	248,8	430,4	20,3	35,2	1 862,3	3,0	
1970–1974	2 091,1	341,8	342,8	684,6	16,4	32,7	3 244,6	2,2	
1975	3 900,6	606,1	577,7	1 183,8	14,8	30,3	5 568,5	1,9	

Bron: Dept Landbou-ekonomie en -bemarking. Kortbegrip van landboustatistiek.

<sup>1</sup> Uitvoere, staafgoud uitgesluit.

TABEL 6 Getal plase en benutting van landbougrond in die moderne landbousektor, Suid-Afrika 1930 tot 1974

Jaar	Getal plase	Totale oppervlakte	Oppervlakte bewerk	Oppervlakte besproei
			1000 hek-taar	
1930	96 940	82 804	5 310	351
1937	104 554	85 578	6 066	392
1946	112 452	88 641	7 394	462
1950	116 848	86 921	7 662	510
1955	111 586	87 472	8 168	— <sup>1</sup>
1960	105 859	91 790	9 563	— <sup>1</sup>
1964	101 387	91 364	— <sup>1</sup>	— <sup>1</sup>
1965	95 438	87 795	10 028	— <sup>1</sup>
1967	92 853	86 368	— <sup>1</sup>	— <sup>1</sup>
1968	92 908	87 921	11 441	— <sup>1</sup>
1969	91 885	89 135	11 621	1 107
1971	90 422	89 298	— <sup>1</sup>	1 017
1973	81 935	87 916	— <sup>1</sup>	— <sup>1</sup>
1974	79 855	87 473	— <sup>1</sup>	— <sup>1</sup>

Bron: Dept Landbou-ekonomie en -bemarking. Kortbegrip van Landboustatistiek, 1977.

<sup>1</sup> Geen inligting beskikbaar vir die betrokke jare.

Die waarde van uitvoere vanaf en invoere na Suid-Afrika gedurende die periode 1957 – 1975 word in Tabel 5 uiteengesit. Daaruit is dit duidelik dat landbou steeds vir sowat 30 persent van uitvoere, uitgeslote staafgoud, verantwoordelik is, maar dat landbou se verhoudelike bydrae besig is om te daal. Landbou-invoere bedrae minder as twee persent van totale invoere, en in absolute terme tot die landbousektor in 1975 R1 080,2 miljoen se goedere meer uitgevoer as wat daar landbouprodukte ingevoer is. (Landbou het egter toenemend meer van intermediêre insette met invoer-komponente gebruik gemaak). Landbouprodukte word ook toenemend eers verwerk voordat dit uitgevoer word.

Alhoewel dit moeilik is om duidelike tendense met betrekking tot arbeiders op plase waar te neem vanaf bestaande statistieke (dit blyk konstant te bly of selfs te verhoog) is dit duidelik dat toenemend meer geproduseer word deur steeds minder maar groter boerdery-eenhede. Tabel 6 toon die aansienlike konsolidasie van boerdery-eenhede gedurende die tydperk 1950 tot 1974. Ook is dit duidelik dat sedert 1930 toenemend meer landbougrond bewerk is, sodat vandag meer as dubbeld die oppervlakte bewerk word as wat die geval in 1930 was. Ook het die besproeide oppervlakte landbougrond ongeveer verdriedubbel sedert 1930.

Die toename in landbouproduksie kan die gevolg van twee redes wees. Eerstens, kan dit beteken dat primêre insette in die landbou soos grondoppervlakte, aantal diere of aantal bome, toegeneem het. Tweedens kan dit die gevolg wees van 'n verhoging in die opbrengs per eenheid primêre inset.

TABEL 7 Opbrengste per hektaar van grane in sekere produksiegebiede, Suid-Afrika 1950–1975.

Jaarlikse gemiddelde vir die periode	Mielies			Koring	Gars	Hawer	
	Transvaalse Hoëveld	Noord-Wes Vrystaat	Wes-Transvaal	Swartland	Rûens	Rûens	Ruëns
				kg per hektaar			
1950/51 – 54/55	1 176	974	996	847	816	1 136	707
1955/56 – 59/60	1 133	1 021	1 460	894	909	1 021	708
1960/61 – 64/65	1 703	1 521	1 551	994	1 023	1 282	588
1965/66 – 69/70	2 002	1 546	1 784	1 038	998	987	613
1970/71 – 74/75	2 430	2 281	2 206	1 219	1 078	1 297	902

Bron: Dept. Landbou-ekonomie en -bemarking. Kortbegrip van landboustatistiek.

Groenewald (1964) het die veranderings in primêre insette in die Suid-Afrikaanse landbou vir 'n tydperk van 22 jaar ondersoek en tot die gevolgtrekking gekom dat die indeks van primêre insette vir akkerbou en tuinbou met ongeveer 60 persent toegeneem, terwyl die indeks vir veeteelt ietwat gedaal het. Die verhoogde opbrengs by eersgenoemde landbouproduksie (sien Tabel 4) kan dus gedeeltelik verklaar word deur 'n herallokasie van landbouhulpbronne terwyl verhoging per eenheid opbrengs vir die residuele verskil in die veranderingskoerse verantwoordelik is. In Tabel 7 word as voorbeeld hiervan 'n uiteensetting van die verandering in opbrengste per hektaar vir grane in Suid-Afrika aangegee.

Sedert 1950 het die opbrengste per hektaar mielies ongeveer verdubbel terwyl die opbrengs per hektaar koring met ongeveer veertig persent toegeneem het. Gars en hawer opbrengste toon aansienlike skommelings.

'n Verhoging in per eenheids opbrengs kan enersyds die resultaat wees van intensifisering van veranderlike produksie-insette per primêre inset in die algemeen en/of per hektaar landbougrond in die besonder. Een voorbeeld van hierdie neiging kan gesien word in die styging van die belang van intermediêre goedere en dienste by landbouproduksie. Tabel 8 toon aan dat die intermediêre goedere en dienste

TABEL 8 Veranderings in intermediêre goedere en dienste by landbouproduksie in Suid-Afrika, 1950–1975

Jaarlikse gemiddelde vir periode	Bruto inkomste uit landbouproduksie	Intermediêre goedere en dienste gebruik	Intermediêre goedere en dienste as persentasie van bruto inkomste
	R Miljoen		Persent
1950/51 – 54/55	590,3	129,8	22,0
1955/56 – 59/60	710,5	196,3	27,6
1960/61 – 64/65	886,6	255,7	28,8
1965/66 – 69/70	1 173,7	348,5	29,7
1970/71 – 74/75	1 835,0	579,9	31,6

Bron: Dept Landbou-ekonomie en -bemarking. Kortbegrip van Landboustatistiek.

as persentasie van die bruto-inkomste gestyg het van 22,0 persent vir die periode 1950/51 – 1954/55 tot 31,6 persent vir die periode 1970/71 – 1974/75. Die intermediêre insette sluit egter arbeid-verplasende items soos masjinerie en trekkers in. 'n Ander indeks wat in hierdie verband aanvullend ondersoek kan word is die veranderings in kunsmis-insette. Huidige statistieke (Dept Landbou-ekonomie en -bemarking, Kortbegrip vir landboustatistiek) toon aan dat die waarde van kunsmis-insette, geneem teen konstante 1958/59 – 1960/61 pryse, gestyg het van 'n gemiddeld van R18,56 miljoen per jaar vir die tydperk 1950/51 – 1954/55, tot R93,24 miljoen per jaar gemiddeld vir die tydperk 1970/71 – 1974/75. Dit is 'n styging van ongeveer 500 persent binne twee dekades.

'n Tweede rede vir 'n verhoging in opbrengste per eenheid kan moontlik gevind word in die ingebruikneming van verbeterde tegnologie soos byvoorbeeld bastermielies, of beter bestuurspraktyke. Dit is welbekend dat beter plant-, saad- en teëlmateriaal toenemend 'n groter rol speel in die Suid-Afrikaanse landbou. Die belang van hierdie praktyk vir die Amerikaanse landbou is deur Griliches (1958) ontleed. Hy het aangetoon dat navorsing in bastermielies in die VSA 'n voordeel-koste verhouding het van 150 teen 1; vir elke dollar navorsing-insette was die toekomstige verdienste potensiaal 150 dollars uit verhoogde mielie-opbrengste.

Deur 'n kombinasie van produksie-strategieë het die landbousektor dus betekenisvolle bydraes gemaak tot 'n groeiende Suid-Afrikaanse ekonomie. Dit het 'n steeds groeiende surplus bo sektorbehoefte geproduseer en is toenemend geïntegreer met die breë ekonomiese struktuur van die land. Landbou was egter nie 'n leiersektor in die proses van ekonomiese groei nie. Sy bydrae was grootliks ondersteunend, dit wil sê as gevolg van groeiende binnelandse behoeftes en gunstige pryse, wat spruit uit ekonomiese groei, het die landbousektor met groter produksie gereageer. Soortgelyk was die bydrae van landbou-uitvoere hoofsaaklik ondersteunend vir ekonomiese groei (Brand, 1968). Die omvang van die uitvoer-invoer verhouding van landbouprodukte is egter sodanig dat dit korttermyn konjunkturbewegings in Suid-Afrika wesenlik kan beïnvloed. Rieker (1975) het aangetoon dat 'n daling in landbouproduksie gedurende 1973 'n sterk oplewing in die ander sektore geneutraliseer het. In 1974 was dit omgekeerd toe goeie landbou-oeste voorspellings van 'n lae ekonomiese groei koers omver gewerp het.

Die omvang van die bindings tussen die landbousektor en die res van die ekonomie is egter groter as wat dit sou blyk uit bogenoemde uiteensettings. Volgens 1970 sensussyfers is ongeveer 32 persent van die Suid-Afrikaanse bevolking landelik. Landbou vorm 'n belangrike basis vir ekonomiese aktiwiteite in die gebiede. Tabel 9 gee 'n uiteensetting van die verhoudelike bydrae van die landbousektor in verskillende landelike beplanningstreke. Daarvolgens is 21 persent van die Suid-Afrikaanse bevolking woonagtig in gebiede wat vir 21 persent en meer van die bruto geografiese produk

TABEL 9 'n Indeling van beplanningstreke in Suid-Afrika volgens landbou se bydrae tot die bruto geografiese produk, 1970

Landbou se persentasie bydrae tot bruto geografiese produk	Beplanningstreke wat binne die groepindeling val	Bevolking in groep as persentasie van totale bevolking van Suid-Afrika
Persent		Persent
0 – 10	1, 21	1,87
11 – 20	18, 19, 24, 30, 31, 32	9, 15
21 – 30	6, 7, 12, 23, 25, 27, 28	10, 90
	33, 36	
31 – 40	10, 11, 13, 26, 35	3, 53
41 – 50	2, 3, 4, 9, 15, 16, 17,	5, 17
	29, 34, 38	
51 – 65	5, 8, 14, 20, 22, 37	1, 83

Bron: Departement van Beplanning en die Omgewing. Statistieke vir beplanningstreke 1975.

van die landbou afhanklik is, en 10,5 persent van die bevolking in gebiede waar die landbousektor 31 persent en meer van die bruto regionale produk lewer. Dit is duidelik dat die landbousektor vir hierdie gebiede van selfs groter belang is, as wat die verhoudings sou uitwys, weens vorentoe en terugwaartse bindings met ander sektore.

In 'n ontleding van vorentoe en terugwaartse bindinge tussen die landbousektor en ander sektore kom Rieker (1975) tot die gevolgtrekking dat hierdie bindinge nie van oorheersende belang in die Suid-Afrikaanse ekonomie is nie. Die sektore tewete voedsel, veselbereiding en drank en tabak wat gesamentlik ongeveer 80 persent van intermediêre landbou-afsette verwerk lewer gesamentlik minder as 20 persent van fabriekswese se toegevoegde waarde. Hierdie ontledings, tesame met alle ontledings wat geldwaardes as maatstaf gebruik, kan egter misleidend wees. Pryse is 'n uitdrukking van relatiewe skaarshede. Die verhouding waarvolgens pryse sal val indien produksie toeneem of styg indien dit afneem (prys-elasticiteit van vraag) is soortgelyk van belang.

Die prys-elasticiteit van vraag na landbouprodukte, veral voedselprodukte, is meestal uiters laag. Döckel & Groenewald (1970) het byvoorbeeld bereken dat die prys-elasticiteit van vraag na voedsel in Suid-Afrika op  $-0,3035$  te staan kom. In die geval van 'n geslote ekonomie (geen in- en uitvoere) beteken 'n prys-elasticiteit van binnelandse vraag kleiner as  $-1$  dat 'n toename in produksie die totale verdienste van die sektor sal laat afneem, en 'n afname in produksie dit sal laat toeneem. Moontlik sou landbou se persentuele bydrae tot die bruto binnelandse produk hoër gewees het indien landbouproduksie stadiger gegroei het. 'n Stadig groeiende landbou-sektor skep vir regerings twee

stelle probleme naamlik stygende pryse vir landbouprodukte en/of groter landbou-invoere. Dit kan vir Suid-Afrika belangriker implikasies inhou as die huidige internasionale olie-probleme.

Die tendense van die landbousektor sedert 1910 kan vervolgens in die volgende statusbepaling saamgevat word

Landbou het 'n sterk ondersteunende rol gedurende ekonomiese groei vervul;

Landbou se verhoudelike bydrae tot die bruto binnelandse produk van Suid-Afrika toon 'n dalende neiging;

Landbou het steeds 'n betekenisvolle invloed op konjunktuur verskynsels in Suid-Afrika;

Landbou word deurlopend nouer met die ekonomiese struktuur van die land gebind en die sektor het opsigself 'n tegnologiese rewolusie ondergaan;

Landbouproduksie bly steeds die basis van ekonomiese aktiwiteite oor die grootste oppervlakte van die Suid-Afrikaanse grondgebied en dit is binne die bestaande bestek in Suider-Afrika van besondere strategiese waarde;

Landbouprodukte is die belangrikste strategiese produk, vir die huidige en die toekoms, wat uit die Suid-Afrikaanse bodem geproduseer kan word.

Vervolgens sal daar op die meer subjektiewe komponente van landbou se ekonomiese status gelet word, teweete organisatoriese en sosio-ekonomiese oorwegings by landbouproduksie.

### **Status van die Suid-Afrikaanse Landbou : organisatoriese en sosio-ekonomiese oorwegings**

By sommige kommentators is daar die gevoel dat landbou 'n gepamperlangde sektor is, waarin staatsondersteunde kartelle die orde van die dag is en waarin ryk boere verder ryk word op staatsubsidies. Gesien uit die oogpunt van regering in die meeste lande van die westerse wêreld is daar twee redes waarom landbou ondersteun word. Die eerste rede is suiwer polities en is gerig op die verbetering van die lewensomstandighede van die boer as mens. Die relatiewe belang van die boer by die stembus sal suiwer politiese oogmerke beïnvloed. Die tweede rede is politiese strategies en dit verwys na 'n strewe om voldoende landbouprodukte te verseker vir die voeding van die gemeenskap asook ter ondersteuning van ekonomiese groei. Optredes wat strategiese oogmerke bevorder omvat onder andere pryswaarborg, prysondersteuning, faktorsubsidies, navorsing en opleiding.

In die geskiedenis van landboubeleid in Suid-Afrika het dit meer as een keer gebeur dat pryswaarborg of koste-ondersteuning vanaf owerheidskant gerig was op die bestaansi-

tuasie van die boer. Indien die korttermynresultaat vir die individuele boer gunstig was, was die langtermyn resultaat vir die boeregemeenskap egter nie so gunstig nie. Gunstige produksietoestande stimuleer landbouproduksie oor die algemeen. Tensy die toename in landbouproduksie sinkroniseer met die toename in vraag sal landboupryse en landbouinkomstes neig om te dal. Produk- en faktorsubsidies kan die breë gemeenskap aansienlik meer bevoordeel as vir die landbousektor. Die toename in verbruikersurplus by produksie-subsidies sal hoër as die toename in produsentesurplus wees indien produsente goed reageer op beter produksietoestande.\* In die geval waar insette (soos kunsmis) onderbenut word kan inset-subsidies 'n netto-sosiale voordeel vir die gemeenskap inhou. (Niewoudt, 1972).\*\* Subsidies of pryswaarborg kan egter tot ondoeltreffendheid aanleiding gee indien vraag- en aanbod situasies geïgnoreer word. Landboubeleid in Suid-Afrika is vandag sterk ingestel op prysbepalings vir voldoende voorrade van sekere strategiese landbouprodukte eerder as surplus voorrade. Pryspariteit of inkomepariteit is nie die grondslag vir prysvasstelling nie.

Owerheidsinmenging in die landbou streek vandag verder as die manipulasie van kostes en pryse deur subsidies, opleiding en navorsing. In Suid-Afrika is die verhoudelike waarde van landbouprodukte wat deur die Bemerkingswet of spesiale wetgewing beheer word, 90 persent van die totale waarde van landbouproduksie. Aangesien landbou-koöperasies as 'n reël as agente van beheerrade aangestel word, kring die binding binne die landbousektor na meer aktiwiteite uit. Dit het daartoe aanleiding gegee dat te veel mag aan georganiseerde landbou toegesê is. In eenvoudige taal : dit het die landbousektor 'n 'slegte naam' by eksponente van vryemark ekonomie gegee.

Die kritiek teen die landbousektor kan in hierdie verband vanuit drie sigspunte bespreek word.

Eerstens, die toepaslikheid van 'n vryemark ekonomie binne die moderne ekonomiese raamwerk; tweedens, die werklike bedingingsposisie van die landbou in Suid-Afrika; derdens, die strategiese posisie van landbouproduksie. Die strategiese oogmerk vir owerheidsinmenging is reeds bespreek en dit sal dus nie hier as derde sigspunt herhaal word nie.

As gevolg van 'n verskeidenheid van redes is die mees algemene ekonomiese organisasie by westerse kapitalistiese lande nie 'n vryemark ekonomie met volmaakte mededinging nie. 'n Tegnologiese rewolusie in kommunikasie, produksie, beplanning en bestuur sedert die dae van Adam

\* Indien elasticiteit van aanbod groter is as die absolute waarde van die elasticiteit van vraag.

\*\* 'n Ander vorm van inset-subsidie vir die landbou is die navorsing-, voorligting- en opleidingfunksies wat die Staat in Suid-Afrika vervul.

Smith in die 18de eeu het die voorwaardes vir sosio-ekonomiese organisasie verander. Daar is 'n steeds groeiende ekonomie in die omvang van produksie wat tot so 'n mate die ekonomiese struktuur van kleiner lande soos Engeland en Frankryk beïnvloed, dat 'n natuurlike proses van toenemende sosialisme daar gevind word as teenvoeter vir òf monopolievorming òf oorheersende bedinging vanaf internasionale maatskappye. In die geval van 'n groot land soos die VSA vind 'n mens monopolistiese mededinging eerder as vrye mededinging met 'n strategie vir teenwigmag ('counter-vailing power') as sterk oorweging vir sosio-ekonomiese organisasie (Galbraith, 1956). Die mees algemene sosio-ekonomiese organisasie in die westerse demokrasieë is vandag 'n 'vrye-mark-tipe' ekonomie wat 'n mengsel is van monopolistiesemededinging en Staatsinmenging in die nywerheidssektore. Hierdie situasie is toenemend van toepassing in Suid-Afrika. Staatsinmenging in strategiese sektore soos vervoer, yster en staal en energie was van vroeg reeds die orde van die dag. Die handel en industrie word vandag ook gekenmerk deur samevoegings. In Suid-Afrika, byvoorbeeld, hanteer vyf kettingwinkels 30 persent van die voedselverkope in die land.

Beheerde-bemaking in Suid-Afrika is die gevolg van onstabieliteit in boerdery-inkome gedurende die dertiger jare. Aangesien die elasticiteit van vraag na landbouprodukte klein is kan matige skommelings in produksie aansienlike fluktuasie in pryse tot gevolg hê. Soortgelyk is die korttermynelasticiteit van aanbod gewoonlik klein en matige skommelings in vraag kan aansienlike fluktuasies in pryse veroorsaak. Beheerde bemaking soos in Suid-Afrika toegepas, is gemik op prysstabilisasie vir produkte eerder as inkome-stabilisasie vir boere.

Alhoewel die produsente-meerderheid in beheerrade aanbevelings kan maak wat die landbou produsent bevoordeel, lê die uiteindelijke uitvoerende mag by die Nasionale Bemakingsraad en die Minister van Landbou. Besluite sal hiervolgens slegs aanvaar word indien dit nie bots met die politiek-strategiese oorwegings van die regering. Beheerrade het selfs nie volkome mag by fondsbesteding nie. In sommige gevalle kan aanbevelings van 'n beheerraad deur die Minister 'terugverwys' word indien uitgawes na die mening van die Nasionale Bemakingsraad en die Minister nie geregverdig is nie, of indien uitgawes met die fiskale beleid van die regering bots.

Daar bestaan vandag 'n alternatief vir beheerde bemaking in die vorm van prysondersteuning soos toegepas in die VSA en die EEG. Hierdie stelsel is egter gebaseer op pariteitsbeginsels en het in die verlede tot ernstiger surplus probleme aanleiding gegee as wat Suid-Afrika geken het. Die ironie is dat hierdie stelsels daarop gemik is om veral die 'familieplaas' ('family farm') te beskerm, maar dat langtermyn neigings die teendeel waarborg. Daar bestaan die gevaar dat uiteindelijke mag sal beweeg in die hande van 'n paar groot organisasies (Breimyer & Barr, 1972). Vir Suid-Afrika is dit betekenisvol. Indien die sowat tagtig-

duisend produsente ongeorganiseerd sou wees kan dit tot radikale veranderings in die produksiestruktuur aanleiding gee wat daartoe kan lei dat die beheerstruktuur binne die landbou toenemend deur privaat organisasies oorgeneem word. Sodanige beheer sal seksionele belange eerder as nasionale belange onderskryf. 'n Verskeidenheid van faktore oefen vandag druk op die landbousektor uit om in die rigtings van vertikale en horisontale integrasie te verander. Landbouproduksie raak toenemend tegnies ingewikkeld wat spesialisasie in produksie en bestuur aanmoedig. Spesialisasie het 'n sterk ekonomie van omvang. Ekonomie van omvang moedig op die beurt horisontale uitbreiding aan. Andersyds is boerdery, en veral skaars landbougrond, soms 'n aantreklike beleggingsveld vir die kapitaalkragtige van buite die landbou. Dit kan aanleiding gee tot intersektorale konglomerasie. 'n Ander verskynsel is kontraktuele binding. In Suid-Afrika is daar toenemend druk op, byvoorbeeld, groenteboere en hoenderboere om kontraktueel gebind te raak aan die verwerkende industrie en die handel, aangesien hierdie soort ooreenkoms vaste voorsieningsbronne vir sekondêre en tersiêre sektore verseker. Die uiteinde van hierdie tendense is weer eens organisasie en beheer want dit is die grondslag van goeie bestuur.

Die kritiek teen staatsinmenging en die huidige algemene organisatoriese status van die Suid-Afrikaanse landbou is gevolglik oordryf indien dit beoordeel word in terme van die strategiese posisie van landbouproduksie, moderne ekonomiese organisasie sowel as in terme van die huidige magposisie van die boer. Daar bestaan waarskynlik geregverdigde gronde, van kritiek teen die besondere organisasie binne die beheerstruktuur. Hier word veral verwys na die verantwoordelikhedskanale, funksionering en samestelling van beheerrade en landboudepartemente. 'n Goeie argument kan uitgemaak word om meer mag en verantwoordelikhede rakende navorsing, voorligting en bemaking aan produsente te oorhandig, maar dit val buite die bestek van hierdie bespreking.

### Samevatting

Die begrip 'status' verwys na relatiewe verhoudings wat die waarnemer instaat stel om 'n hiërargie op te stel. Vergelykings kan objektief of subjektief wees. In die referaat is die meetbare verhoudings van die Suid-Afrikaanse landbou ondersoek sowel as die meer subjektiewe stelling dat landbou 'n beskermde sektor is waarin boere ongeregverdigde voordele geniet.

Die meetbare verhoudings is ondersoek in terme van die geskiedkundige rol van landbou by die vestiging en ontwikkeling van Suid-Afrika, sowel as in terme van huidige tendense in die status van die landbousektor.

Die status van landbou in die vormingsjare van Suid-Afrika is geïdentifiseer as hoofsaaklik ondersteunend. Landbou het opsigself nie die vermoë gehad om snelle groei in Suid-Afrika te inisiëer nie. Dit was egter 'n ekonomiese basis vir gebiedsuitbreiding tot en met ongeveer 1850 en dit was 'n



basis vir die ekonomiese groei na die ontdekking van diamante en goud. Hierdie ondersteunende rol het landbou met welslae na 1910 ook vervul, en landbou-uitvoere is vandag steeds 'n belangrike bron van buitelandse valuta. Alhoewel landbou se verhoudelike bydrae tot die bruto binne-landse produk afneem, en vandag slegs 7,1 persent bedrae, het dit steeds 'n belangrike invloed op konjunktuur verskynsels. Die landbou se grootste belang is egter gesetel in die sektor se strategiese waarde. Landbouproduksie bly steeds die basis vir ekonomiese aktiwiteit oor die grootste oppervlakte van die Suid-Afrikaanse grondgebied, en dit is van besondere strategiese belang in die huidige tydperioede. Landbouprodukte is die belangrikste strategiese produk wat uit die Suid-Afrikaanse bodem geproduseer kan word. Die potensiële impak van tekorte in landbouprodukte word deur 'n besonder onelastiese vraag onderskryf.

Landbou se status uit die oogpunt van ekonomiese organisasie is vervolgens ondersoek. Daar is weer eens op die strategiese belang van landbouproduksie gewys wat regeerings wêreldwyd genoodsaak om by die aktiwiteite van die sektor in te meng. Na 'n bespreking van algemene ekonomiese organisasie, soos dit vandag in die Weste voorkom, en die besondere organisasie in Suid-Afrika, word die gevolgtrekking gemaak dat die kritiek teen die organisatoriese status van die Suid-Afrikaanse landbou oordrewe is.

#### Verwysings

BRAND, S.S., 1968. Agricultural exports, economic development and the balance of payments in South Africa. *Finance and Trade Review*, Vol. VIII, 1, 27 – 44.

BREIMYER, H.F. & BARR, W., 1972. Issues in concentration versus dispersion. In *North Central Regional Extension, Publication 32. Special Publication 27. Urbana-Champaign. Univ. of Illinois. Aug. 13–22.*

STATISTIEKE VIR BEPLANNINGSTREKE, 1975. Departement van Beplanning en die Omgewing. Pretoria. Staatsdrukker.

KORTBEGRIP VIR LANDBOUSTATISTIEK, 1958, 1962, en 1977. Departement Landbou-ekonomie en -Bemarking, Afdeling Landbou-bemarkingsnavorsing.

DÖCKEL, J.A. & GROENEWALD, J.A., 1970. Die vraag na voedsel in Suid-Afrika. *Agrekon. Vol. 9, 4, 15–20.*

GALBRAITH, J.K., 1956. *American capitalism. Middlesex. England. Penguin Books.*

GRILICHES, Z., 1958. Research costs and social returns: hybrid corn and related innovations. *Journal of Political Economy. Vol. 66, 419 – 431.*

GROENEWALD, J.A., 1964. Changes in primary resources in the South African agriculture. *Agrekon. Vol. 3, 22 – 29.*

HOUGHTON, D. HOBART, 1967. *The South African economy. London. Oxford University Press.*

NIEUWOUDT, W.L., 1972. Faktorsubsidies en sekere beleidimplikasies. *Agrekon. Vol. 11, 2, 5 – 8.*

RIEKERT, P.J., 1975. Die landbou en die funksioneel- verwante bedrywe. *Agrekon. Vol. 14, 1, 1 – 6.*

SCHUMANN, C.G.W., 1938. *Structural changes and business cycles in South Africa, 1806 – 1936. London. Staples Press Limited.*